
SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**2023**

**LIMPOPO**

**PUNTE: 40**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Kortverhale (40)
   **EN**
   AFDELING B: Drama (40)

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

   AFDELING A: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   **OF**

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vrae oor die drama (*Perdekrag*) wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 90 minute

   **OF**

   AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INHOUDSOPGAWE**

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.

**AFDELING A: KORTVERHALE**

**Beantwoord Verhaal A EN Verhaal B.**


| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 1. **Verhaal A** | 20 | 4 |
| "Die stem van 'n kind" | | |
| **EN** | | |
| **Verhaal B** | 20 | 6 |
| "Koning Leeu se geskenke" | | |


**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

**Beantwoord slegs die EEN vraag.**


| | | |
|---|---|---|
| 2. *Perdekrag* | 40 | 8 |




SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: KORTVERHALE

### VRAAG 1: *BLADSAK* – Lucas Malan

Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag.

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "DIE STEM VAN 'N KIND" – Pieter Pieterse
EN
VERHAAL B: "KONING LEEU SE GESKENKE" – Pieter W Grobbelaar

**VERHAAL A: "DIE STEM VAN 'N KIND" – Pieter Pieterse**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A**

... Dit is 'n warmte wat hom wil versmoor. Nog warmer as die naglug is dit, nog warmer as die hittegolwe wat gedurende die warmste dag van die somer van die heuwels in die suide af opslaan. Sy hart klop in sy ore en ook onder die vel van sy nek en sy gesig. In sy kop is daar 'n hoë suisgeluid, soos die geskreeu van baie sonbesies.

Toe hy die takke hoor kraak waar die kinders oor die heining klim wat om die lande geslaan is, raak die gevoel vir hom te groot. "Daar kom die groot water!" skreeu hulle. Hulle gille soos hulle teen die rantjie uithardloop om tussen die mopanies te gaan wegkruip, bring Molaeledi in beweging.

1.1 Wat is die naam van die groot rivier waar Kubu geleë is? (1)

1.2 Watter tyd van die dag het Molaeledi die boodskappe gestuur? (1)

1.3 Wie het daardie aand 'n boodskap gekry? (1)

1.4 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (1.4) en die antwoord neer.

| 'n hiperbool; | klanknabootsing; | 'n vergelyking |
|---|---|---|

" ... 'n hoë suisgeluid, **soos die geskreeu van baie sonbesies**" in reël 4 is 'n voorbeeld van ... (1)

1.5 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Morobula het weer aan sy boot begin werk.
- Die mense van Kubu het Molaeledi se boodskap gehoor.
- Die kinders het rivier toe geloop om Morobula te gaan koggel.
- Molaeledi het langs die rivier bly staan tot dit begin donker word het. (4)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.6 Al die mense in Kubu het mekaar geken.

Kies elke keer die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.6.1 tot 1.6.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.6.1 Molaeledi | A ... was die enigste inwoner van Kubu wat geletterd was. |
| 1.6.2 Morobula | B ... het sy familie gehelp, al het hy ver van hulle af gewerk. |
| 1.6.3 Motsumi | C ... was hartseer en het troos gesoek. |
| 1.6.4 Mohlapi | D … was bekommerd oor sy toekoms. |
| | E ... het saam met die jagters weggegaan om vir hulle te wys waar hulle die diere moet soek. |

(4 x 1) (4)

1.7 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Die kinders het Morobula oor sy <u>klere</u> geterg. (1)

1.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.8) neer.

Wanneer die kinders Morobula terg en vir hom skree: "Daar kom die groot water!" (reël 6) bedoel hulle dat ...

A dit baie gaan reën.
B die groot rivier sterk loop.
C Morobula sy gereedskap moet bêre.
D Morobula reg moet wees om sy boot op die water te kry. (1)

1.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.9.1 en 1.9.2) en die antwoord neer.

Aan die begin het Molaeledi (1.9.1) (op sy eie gespeel/saam met sy maats vir Morobula geterg). Toe hy agtergekom het dat dit verkeerd was, het hy (1.9.2) (kwaai/vriendelik) teenoor sy maats opgetree. (2)

1.10 "... bring Molaeledi in beweging." (Reël 8)

1.10.1 Waarom kan 'n mens verstaan dat Molaeledi nou agtergekom het dat dit nie reg was om Morobula so te terg nie? (1)

1.10.2 Waarom was dit verkeerd van Molaeledi om die tergende kinders met 'n stok te slaan? (1)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.11 Molaeledi het naby die huilende Mokgadi gebly sonder dat sy dit geweet het.

Wat sou jy in hierdie situasie anders as Molaeledi gedoen het? (1)

1.12 Watter les oor grootword het jy uit hierdie verhaal geleer? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "KONING LEEU SE GESKENKE" – Pieter W Grobbelaar**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**

So kom die diere aan. Dis Luiperd en Hasie, en Sebra en Mol, en Olifant en Muishond en Slang. Bobbejaan is te nuuskierig om weg te bly; Esel is te onnosel. Daar is Dassie en Seekoei en Koggelmander, en Wolf en Jakkals ook. Ja-nee, dis 'n party duisend.

Eers dans hulle 'n bietjie, en Bobbejaan dans voor. Toe sing hulle 'n bietjie, en Jakkals sit in. Daarna eet hulle heuning en drink melk. Tot Leeu en Rooikat en Wolf eet saam asof hulle nog nooit bloed geproe het nie. Maar Leeu reken: op 'n party kan jy darem nie van jou gaste se familie voorsit nie.

1.13 Watter bok se vrou het saam met haar man partytjie toe gegaan? (1)

1.14 Waarom wou koning Leeu vir die diere geskenke gee? (1)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.15) neer.

"Ja-nee, dis 'n party duisend." (Reël 3 en 4)
Dit beteken dat ...

A dit 'n baie lekker partytjie was.
B Leeu 'n duisend partytjies gehou het.
C 'n duisend diere partytjie toe gegaan het.
D daar baie probleme onder die diere by die partytjie was. (1)

1.16 Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.16.1 tot 1.16.4) en die antwoord neer.

1.16.1 ... was gulsig en daarom het sy horings in sy mond vasgesit.

1.16.2 Sebra het 'n ... by koning Leeu gekry.

1.16.3 Koggelmander het 'n ... kop gekry nadat koning Leeu op hom getrap het.

1.16.4 Dassie en Mol wou nie hulle ... hê nie en het dit gaan begrawe. (4)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.17 Die uitdelery van die geskenke het nie so goed verloop nie.

Kies elke keer die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.17.1 tot 1.17.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.17.1 | Koning Leeu het Renoster gestraf toe hy self sy geskenk wou uitsoek. | A | Sy reuk het die ander diere laat weghardloop. |
| 1.17.2 | Hasie het lang ore gekry. | B | Hy het op sy maag weggeseil. |
| 1.17.3 | Muishond het vrou Leeu se laventel op hom uitgegooi. | C | Hy moes tevrede wees met iets wat niemand anders wou hê nie. |
| 1.17.4 | Padda het stilletjies gaan swem. | D | Hy was te skaam om sonder klere tussen ander diere te kom. |
| | | E | Sy horings lyk nie dieselfde nie. |

(4 x 1) (4)

1.18 Slang het begin spoeg en byt omdat hy koning Leeu se heuning geëet het.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.19.1 en 1.19.2) en die antwoord neer.

Kameelperd het vir Leeu geskree toe hy sien hoe baie klere Leeu vir Koei gegee het. Koning Leeu was so (1.19.1) (vies/hartseer) hieroor dat hy Kameelperd se stem weggevat het. Later was koning Leeu (1.19.2) (jammer vir/bekommerd oor) Kameelperd en gee toe vir hom vleishorings, 'n lang nek en lang bene. (2)

1.20 Watter TWEE diere was so uitsoekerig dat hulle amper niks gekry het nie? (2)

1.21 Waarom kan 'n mens verstaan dat die meeste bokvrouens nie na Leeu se partytjie toe wou gaan nie? (1)

1.22 Waarom kan ons sê dat die dinge wat Leeu by die partytjie gedoen en gesê het, by die optrede van 'n koning pas? (1)

1.23 Waarom pas dit in hierdie teks dat die skrywer "**en**" so baie in reël 1 tot 4 gebruik? (1)

1.24 Waarom voel jy jammer vir Skilpad? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 40**


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 2: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag.

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS C**

| | |
|---|---|
| BINKI: | Kyk, dis hoe Dukie gelyk het. *(Lucky kyk na die foto's. Binki sien dat hy nie beïndruk is nie.)* Jy hou nie van honde nie. |
| LUCKY: | Ek doen nie spoilt pets nie. My ma is 'n domestic. Die geld wat sy kry, gaan vir kos en huishuur – en skoene – en as die skool moan omdat hulle al weer geld wil hê vir nonsens. *(Vies.)* Ons het nie geld vir 'n pop wat net vreet en piepie nie. |
| BINKI: | Wilma het gesê jy was wreed teenoor diere. |
| LUCKY: | Ag, magtag! 'n Bleddie misdemeanourtjie! |
| BINKI: | Wat het jy gedoen? |
| LUCKY: | *(Skud net sy kop.)* Ag, los dit. Gee my jou selfoon. Ek wil iets kyk. *(Binki gee haar selfoon. Lucky kliek.)* Jy't dan net ses contacts. Is dit 'n nuwe foon? *(Binki skud haar kop.)* Watse mens het net ses contacts? *(Lees.)* Hekwag. Noodnommer. Sabrina. Sabrina landlyn. Sabrina werk. Tannie Wilma. Wie's Sabrina? |

2.1 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Lucky het Binki oor haar naam gespot.
- Lucky se prokureur het hom by Wilma afgelaai.
- Wilma het Lucky gedreig om hom weg te stuur.
- Lucky wou nie sy sak in die stoorkamer gaan hang nie. (4)

2.2 Binki het haar selfoon vir Lucky gegee.

2.2.1 Wat het Lucky op Binki se selfoon gedoen nadat sy dit vir hom gegee het? Noem TWEE dinge. (2)

2.2.2 Waarom was dit vir Lucky snaaks dat Binki haar ma op haar naam genoem het? (1)

2.3 Waarom het Binki se ma vir Binki gevra om haar "Sabrina" te noem? (1)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.4.1 en 2.4.2) en die antwoord neer.

Lucky en Binki se leefwêrelde het baie verskil. Lucky se ma het in ander mense se (2.4.1) (huise/tuine) gewerk en nie baie geld verdien nie. Binki se ma was 'n (2.4.2) (sakevrou/onderwyseres) en het baie oorsee gegaan vir werk. (2)

Kopiereg voorbehou 

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Lucky moes elke <u>Vrydag</u> op Wilma se plaas gaan werk. (1)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.6) neer.

" 'n Bleddie misdemeanourtjie!" (Reël 9)
Hiermee bedoel Lucky dat ...

A hy niks verkeerds gedoen het nie.
B hy per ongeluk iets verkeerds gedoen het.
C Binki nie hoef te weet wat hy gedoen het nie.
D dit wat hy verkeerd gedoen het, nie so erg was nie. (1)

2.7 In hierdie drama speel die perde 'n belangrike rol.

Kies elke keer die inligting in KOLOM B wat by die perde in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.7.1 tot 2.7.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.7.1 Kaizer | A ... was klein en baie spelerig. |
| 2.7.2 Tinkerbelle | B ... het Lucky laat besef dat hy verkeerd optree. |
| 2.7.3 Lady Jane | C ... se dood het Wilma laat besluit om mense te help. |
| 2.7.4 Grace | D ... het nie daarvan gehou om na ander te luister nie. |
| | E ... was kalm en mooi met kinders. |

(4 x 1) (4)

2.8 Ander diere het ook 'n groot rol in Binki en Lucky se lewens gespeel. Hulle het Binki en Lucky se lewens verander.

2.8.1 Waarom kan ons sê dat Binki se ervaring ("experience") met Dukie hartseer in haar lewe gebring het? (1)

2.8.2 Waarom kan ons sê dat Lucky se straf vir sy wreedheid teenoor diere goed was vir hom? (1)

2.9 Waarom laat die dramaturg (skrywer van die drama) Lucky so baie lelike woorde gebruik? (1)

2.10 Waarom voel jy jammer vir Lucky omdat hy nie geweet het hoe om reg teenoor diere op te tree nie? (1)

EN



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

| | |
|---|---|
| LUCKY: | Nee, dit is nie! Ek het die hele week aan jou gedink. Jy sal nie aan my vat as jy weet hoekom ek hier is nie. |
| BINKI: | Waarom sal ek nie? |
| LUCKY: | Want jy hardloop vlamme in om 'n bleddie brak te red. Ek en jy leef in verskillende wêrelde. Vampire Valley en Wisteria Lane. Ek kom van die agterkant en jy kom van golfing estates en huise met baie badkamers. *(Binki probeer iets sê, maar Lucky maak haar stil.)* Shame, nè. Jou huis het afgebrand, maar toe gee die bank sommer weer vir julle 'n ander een. Is ek reg? Sure, jy is skaam en vrekbang vir perde en ander mense en vir jou ma ook, big deal, maar my hele lewe brand elke dag so bietjies-bietjies af. En nou moet ek hier crap kom rondstoot omdat ek eendag, net een bleddie dag, dit nie kon vat dat my ma ... |

2.11 Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (2.11.1 tot 2.11.4) en die antwoord neer.

2.11.1 Al het Lucky van die "agterkant" af gekom, het sy ma elke aand self vir hulle kos gemaak. Lucky het vir Binki vertel dat hulle baie ... eet.

2.11.2 Binki se ma het liewer saam met haar ... gekuier as om saam met Binki te wees.

2.11.3 Lucky het nie van ryk mense gehou nie. Hy het hulle ... genoem.

2.11.4 Omdat Binki so bang was vir die perde, het Wilma vir haar gevra om ... aan die saals te smeer. (4)

2.12 "Jy sal nie aan my vat as jy weet hoekom ek **hier** is nie." (Reël 1 en 2)

2.12.1 Op watter plaas was Lucky "hier" saam met Binki? (1)

2.12.2 Wie het gesê dat Lucky na hierdie plek toe moes kom? (1)

2.13 "En nou moet ek hier crap kom rondstoot ..." (Reël 11)

Watter werk moes Lucky vir Wilma doen? Noem EEN. (1)

2.14 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (2.14) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| hartseer; | sarkasties; | opgewonde |

As Lucky in reël 7 vir Binki sê "Shame, nè", is hy ... oor wat Binki vir hom van die brand vertel het. (1)

2.15 Lucky se ma het naby haar werk gebly.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.16 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.16.1 en 2.16.2) en die antwoord neer.

Binki was skaam en het (2.16.1) (baie/min) oor haar eie lewe vir ander mense vertel. Lucky (2.16.2) (het nie omgegee wat hy sê nie/wou bewys hy is altyd reg) en het alles vir almal vertel. (2)

2.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.17) neer.

"... maar my hele lewe brand elke dag so bietjies-bietjies af." (Reël 10 en 11)

As Lucky so sê, bedoel hy dat ...

A hulle huis ook afgebrand het.
B daar elke dag probleme in sy lewe was.
C daar elke dag huise in hulle gemeenskap afgebrand het.
D sy ma die probleme in hulle lewens een vir een hanteer het. (1)

2.18 Die dinge wat die verskillende karakters doen, het gevolge vir ander karakters.

Kies elke keer die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.18.1 tot 2.18.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.18.1 | Die prokureur het Wilma gevra om haar 'n guns te doen. | A | Gestremdes kon die ervaring van perdry ervaar. |
| 2.18.2 | Sabrina het Binki by Wilma gelos. | B | Lucky se ma het ander werk gekry. |
| 2.18.3 | Wilma het die perde se fisiese krag gebruik om mense te help. | C | Wilma het gesukkel om Lucky se negatiewe houding te verander. |
| 2.18.4 | Binki was skaam oor haar brandwonde. | D | Binki het nie na 'n skool toe gegaan nie. |
| | | E | Binki het sekere werkies gekry om te doen. |

(4 x 1) (4)

2.19 Waarom was dit verkeerd van Binki se ma om haar by Wilma te los? (1)

2.20 Waarom was dit goed vir Binki dat sy by Wilma gebly het? (1)

2.21 Lucky was heeltemal verkeerd toe hy gedink het dat die bank vir Binki-hulle 'n nuwe huis gegee het nadat hulle huis afgebrand het.

Watter les het jy uit hierdie verkeerde optrede van Lucky geleer? (1)

2.22 Waarom laat die slot van die drama jou goed voel? (1)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**
**GROOTTOTAAL: 40**



SA EXAM PAPERS